MAATSKAPLIKE WERKER

Steinthal Kinder-en Jeugsorgsentrum

Tulbagh

Steinthal Kinderhuis is 'n residensiële kinder- en jeug sorgsentrum en 'n program van Badisa. Aansoeke van gemotiveerde en dinamiese persone met ’n positiewe ingesteldheid teenoor getraumatiseerde kinders en jeugdiges., word vir hierdie betrekking ingewag.

Minimum vereistes

- ‘n Graad / diploma kwalifikasie in maatskaplike werk en toepaslike ervaring
- Registrasie by die SA Raad vir Maatskaplike Dienste Beroepe
- Deeglike begrip en kennis van Kinder- en Jeugsorgwerk met ontwikkelings gerigte benadering
- Kennis van statutêre prosedures en die kinderwet
- Kennis van gesinshereniging en gesinsvolhoubaarheidsmodel
- Goeie mondelingse en skriftelike kommunikasie vermoë in Afrikaans en Engels
- ‘n Geldige polisieklaring
- ‘n Geldige bestuurslisensie
- Gevorderde rekenaarvaardighede (MS Office)

Bykomende vereistes en eienskappe sluit in:

- Kennis van terapeutiese intervensies en gedragsmodifikasie
- Kennis en ervaring in assesserings van kinders en die skryf van verslae. binne 'n residensiële omgewing
- Kennis van diagnostiese en kliniese probleemoplossing sal voordelig wees.
- Uitstekende beplannings- en organisasievaardighede, akkuraatheid met aandag vir detail.
- Goeie interpersoonlike vaardighede en vermoë om as deel van 'n multidissiplinêre span te werk.

Steinthal Kinderhuis bied 'n onderhandelbare salaris aan, aangevul deur mediese fonds en pensioenvoordele.

Voornemende aansoekers moet 'n volledige CV met verwysings na **mhb@badisa.org.za** stuur om ons nie later as 30 April 2021 te bereik nie.